MARKUS

Francis Chan

moreleta kerk

Maart met Markus | **19 Maart 2023** | kringe@moreleta.co.za

Inleiding

Ons wil verstaan dat net Jesus die verligting bied waarna die mensdom smag.
Ons wil opregte verligting voel deur die vergifnis wat Jesus bied.
Ons wil begin om gehoorsaam te wees as gevolg van Jesus se vergifnis.
Plaas jouself in die skoene van iemand binne daardie huis saam met Jesus. Jy is omring deur alledaagse mense sowel as Joodse amptenare en onderwysers wat luister na Jesus praat oor sy Vader se koninkryk.
Wat sou jy—saam met die mense in die huis—van Jesus verwag wanneer die verlamde deur 'n gat in die dak afkom?

Wenke vir leier

Vra êrens in jou kring tyd vir jou groep: As jy eerlik moet wees, hoe ernstig is sonde vir jou in die lewe?

Lees saam

Markus 2

Jesus vergewe en genees 'n verlamde persoon

1Toe Jesus ná 'n hele aantal dae na Kapernaum terugkeer, het dit rugbaar geword dat Hy weer by die huis is. **2**Gou-gou was die huis so vol mense dat daar vir niemand meer plek was nie, selfs nie voor die deur nie. Jesus was besig om die Goeie Nuus aan hulle te vertel. **3**Daar daag toe vier mans by Hom op wat 'n verlamde persoon op 'n mat dra. **4**As gevolg van die baie mense kon hulle hom nie tot by Jesus bring nie. Daarom het hulle 'n gat deur die dak bokant Jesus se kop gemaak. Toe laat hulle die mat waarop die sieke gelê het, deur die dak sak. **5**Toe Jesus hulle geloof sien, sê Hy vir die verlamde man: "My seun, jou sondes word vergewe." **6**Maar party van die skrifkenners wat daar gesit het, het by hulleself gedink: 7"Wat? Dis tog laster! Net God kan sondes vergewe!" **8**Jesus het sonder meer geweet wat hulle dink en sê toe vir hulle: "Waarom dink julle dit is laster? **9**Wat is makliker – om vir die verlamde te sê: 'Jou sondes word vergewe,' of om te sê: 'Staan op, tel jou bed op en loop'? **10**Ek gaan nou vir julle bewys dat Ek, die Seun van die Mens, die gesag het om sondes op aarde te vergewe." Daarop sê Jesus vir die verlamde man: **11**"Ek beveel jou, staan op, vat jou mat en gaan na jou huis toe!" **12**Net daar het die man opgespring, sy mat geneem en voor almal se oë buitentoe gegaan. Hulle was almal verstom en het God geprys en uitgeroep: "So iets het ons nog nooit tevore gesien nie!"

Gesels saam

Skrifgedeelte word bespreek deur die volgende 2 vrae te vra:

1. Wat leer ons oor God (Vader, Seun of Heilige Gees) uit hierdie gedeelte?
2. Wat leer ons oor onsself of mense in die algemeen in hierdie gedeelte?

Leer meer / kyk weer

Markus materiaal

Kliek hier om weer te kyk.

Doen saam

Wat sê die Woord moet ek gaan doen?

Hierdie gedeelte is waar die hele proses van dissipelskap en dissipelmaking staan of val. Hier beweeg ons van dit wat ons in die Woord ontdek het, na gehoorsaamheid aan Hom.

- Waaroor het die Here met my gepraat in hierdie Skrifgedeelte waaraan ekself prakties in moet aandag gee? (INWAARTS)
- Hoe gaan ek hierdie week vir mense rondom my tot seën wees? Wat het ek uit hierdie Skrifgedeelte ontdek wat ek prakties moet gaan doen? (UITWAARTS)

I Will Statement:

_____

_____

Navrae

kringe@moreleta.co.za
012 997 8100

Algemene info
info@moreleta.co.za
012 997 8000

Bid saam

Gebedsversoeke - 076 351 8383
gebed@moreleta.co.za

Hulp?

Berading - Moreleta Wholeness Sentrum
wholeness@moreleta.co.za
012 997 8035